



Ons Visie: Deur Christus-liefde gee ons vir almal om

HERFSTYD 500 JAAR GELEDE: "EK KAN NIE ANDERS NIE."

Liewe Rietfontein-Suid familielid: Herfs 2021 kom nou vinnig nader, soos die naam van hierdie uitgawe ook aandui. Ek vat u met onderstaande graag 500 jaar terug in die geskiedenis (van ons kerk), om presies te wees na 'n Herfsdag, 18 April 1521, tydens die Ryksdag van Worms waar Martin Luther die volgende beroemde woorde geuiter het:

"U Keiserlike Hoogheid en die ander geëerde here verwag 'n eenvoudige antwoord. Wel, hier is dit, eenvoudig en reguit. Tensy ek deur die Skrif veroordeel word van 'n dwaling, of (aangesien ek geen vertroue het in die ongegronde ge-sag van die pous of die konsilies nie omdat dit duidelik is dat hulle dikwels gedwaal en hulleself weerspreek het) deur gesaghebbende beredenering, ag ek myself gebonde deur die Skrif waarop ek my beroep het. My gewete is 'n gevangene van God se Woord. Ek kan en sal niks herroep nie, want om teen ons gewete op te tree, is nóg veilig, nóg geoorloof. Hier staan ek. Ek kan nie anders nie. God help my. Amen ..."

In die bykans drie jaar wat verloop het sedert 31 Oktober 1517 het die konflik tussen Luther en die kerk verskerp. Nadat Luther deur kardinaal Cajetan gekonfronteer is en na Rome ontbied is, moes hy vir sy lewe uit Augsburg vlug. In Julie 1519 het Luther in 'n twis-ge-sprek met Eck van Leipzig die pous se opperge-sag en die onfeilbaarheid van konsillies verwerp.

JAARTEMA: Saam delf ons in die WOORD

In Junie 1520 is Luther vergelyk met 'n wilde vark wat 'n wingerd ingedring het, in die pouslike bul (brief) waarin hy met ekskommunikasie gedreig is. Dié brief van pous Leo X is tydens 'n feestelike geleentheid in Wittenberg deur Luther en sy mede-professore en studente verbrand.

In die herfs van 1520 het Luther drie boekies ge-skryf wat duidelik aangedui het dat daar nie meer om-draai-kans was nie. 'n Ope brief aan die Christelike adel van die Duitse volk het eerste verskyn. Daarin het Luther klem gelê op die priesterskap van elke gelowige.

Dit is gevolg deur **Die Babeloniese gevangenskap van die kerk** waarin Luther die sewe sakramente van die kerk bevraagteken het en beklemtoon het dat die Bybel net twee sakramente, naamlik die doop en nagmaal ken. Die laaste van die drietal was **Die vryheid van 'n Chris-ten** waarin Luther beklemtoon het dat die Bybel leer dat mense uit genade en op grond van geloof alleen gered word.

Ná die Ryksdag van Worms het die kerk alles in sy vermoë gedoen om Luther as misdadiger te brandmerk. Frederik van Saksie het hom egter oor Luther ontferm en aan hom skuiling gebied in 'n kasteel te Wartburg. Hier het Luther al sy tyd en energie gebruik om die Nuwe Testament in Duits te vertaal sodat almal die Bybel kon lees. En tot vandag toe pluk ons die vrugte hiervan!

Oorspronklik in Kerkbode van 22 Julie 2016 verskyn; *"Ek kan nie anders nie."* | Kerkbode (christians.co.za)

Geskryf deur Prof. Johan van der Merwe, dosent in Kerkgeskiedenis aan die Universiteit van Pretoria.

FAMILIEBEDIENING

Familiebediening benodig jou om by die programme van die Bediening te kom help!

Indien jy wil help om die Bediening se aktiwiteite te beplan en te koördineer, om die Geestelike Volwassenheid van Egpape en/of Vrouens, Manne, Seniors, Jeug en Kinders te help ontwikkel, kontak asb. vir Peet Dorfling by 084 464 7102.

---- DATUMS VAN BELANG ----

- ♦ **6 Maart:** Moot Mark & Karwas 9:00 - 13:00
- ♦ **7 Maart:** Doop
- ♦ **2 April:** Goeie Vrydag, Nagmaal @ 9:00
- ♦ **3 April:** Moot Mark & Karwas 9:00 - 13:00
- ♦ **23 April:** Skole Sluit
- ♦ **1 Mei:** Moot Mark & Karwas 9:00 - 13:00
- ♦ **3 Mei:** Skole Open
- ♦ **17 - 21 Mei:** Pinksterdienste




BOOMSLOPINGS & SNOEI

GRATIS KWOTASIE

VERSEKERING

KONTAK ERNST by 083 656 4992

www.treecarepta.co.za



NG GEMEENTE RIETFontein-SUID BIED AAN

Padkafee

elke Vrydag van 16:00– 18:00

5 Maart—23 April

Kom geniet!!!



Elke week word 'n ander lekkerny voorberei.

Ons skop die geleentheid af op 5 Maart met Pannekoek, koeldrank en ietsie soets.

Kontak nommers vir vooraf bestellings sal deurgegee word elke week op die Whatsapp groepe & SMS.



Could we but for one moment get a glimpse into the mighty depths of His love, our hearts would spring out to meet His will and embrace it as our richest treasure.

Rietfontein-Suid Gemeente

Finansiële Verslag vir 1 Januarie tot 31 Desember 2020

Inkomste vir die tydperk R2 111 945

Uitgawe vir die tydperk R1 994 362

Netto Fondse R 117 583

Baie Dankie aan elkeen wat 'n verskil maak met julle dankoffers.

Bedieninge visualiseer, inisieer en skep geleenthede, loop voor, motiveer en gee leiding, en gee toerusting dat alle gemeentede kan uitvoering gee aan ons Gemeentevisie:

Deur Christus-liefde gee ons vir almal om

- Ons gee om vir mekaar
Groeï in dissipelskap
- Ons gee om vir nog-nie-gelowiges
Getuig met woord en daad
- Ons gee om vir noodlydendes
Gee onself om 'n verskil te maak



OMGEE-BEDIENING

KOM SLUIT AAN BY 'N OMGEEGROEP! Jy sal nie spyt wees nie.

VISIE VAN DIE OMGEE-BEDIENING:

Om deur omgee-verhoudinge in omgeegroepes mekaar te help om te groei tot praktiese en gehoorsame navolgers van Christus.

Dit is die bediening wat die **omgeegroepes** ondersteun en organiseer. Omgeegroepes is in hierdie gemeente die primêre “voertuig” van bediening en versorging!

☺ As jy oorweeg om by 'n omgeegroep in te skakel kontak vir Tom Rademeyer by 0823729803.

☺ Indien jy kans sien om as 'n omgeegroep-leier opgelei te word kontak ook asb vir Tom.



Ds Leon van Heerden het as voltydse predikant hier, by Rietfontein-Suid gemeente, vir 33 jaar BAIE diep spore in BAIE lidmate en ook mense in die gemeenskap se lewens getrap. Sy dood word betreur en hy sal verseker gemis word! Dit was 'n voorreg om hom te kon ken.

Leon Johan van Heerden
man van God, man van Chrissie, pa en oupa

Sela
**NET BY GOD VIND EK RUS,
WANT OP HOM VERTROU EK.**

PSALMS 62:6



10 Junie 1952 - 28 Januarie 2021



Eenminuut-oordenkings

Genees deur omgee

Julle moenie net elkeen aan sy eie
belange dink nie, maar ook aan dié van ander.

Filippense 2:4

Jesus se hele lewe was gewy aan ander. Sy liefde vir die wêreld en sy mense was allesoorheersend. Dit was duidelik in sy verhouding met almal met wie Hy in aanraking gekom het. Afgesien van die omstandighede, of wat die gevolge ook al was, was sy eerste gedagte altyd aan ander, selfs toe Hy aan die kruis gehang het.

In ons liefdesbediening aan mekaar moet ons aan ander dieselfde barmhartigheid en vergewende liefde bewys wat die Meester vir ons het. Harmonie tussen mense kan alleen bereik word deur gehoorsaamheid aan Christus se bevele. Hierin kan elke gelowige 'n belangrike rol speel.

*Heilige Gees van God, vervul my
met die begeerte en die vermoë om my
medemens lief te hê soos wat U my liefhet. Amen.*

20 Februarie

Ozrovech S. (2008) Genade vir elke Oomblik,
Christian Art Gifts RSA, bl. 20 Februarie

TAAKSPAN VIR BARMHARTIGHEID

MootMark & Karwas

Elke Eerste Saterdag van die Maand

NG Kerk Rietfontein-Suid

09h00 tot 13h00

Stalletjies en Karwas

Ons Gee Om

Navrae 072 120 2952

Die Motorwas projek is 'n werkskeppingsgeleentheid vir werklose mense waartydens hulle 'n inkomste kan verdien.

Pryse: Vol was en suig: R50.00

Was en ry: R35.00

Tesame word daar ook vermaak, stalletjies, musiek en interessante temas elke maand aangebied.

Items wat aangebied word is onder andere:

Eetgoed: Worsbroodjies, Pannekoek, Jaffels, Koeldrank, Koffie/Tee, Gesondheidsbeskuit en koekies en ander tuisgebak

Verskeie stalletjies met handwerk artikels, DVDs, CDs, tweedehandse boeke, potplante en plaaseiers, klere en bybehore en Vlekvrye staal juweliersware

Kom ondersteun gerus hierdie inisiatief!!

Happy Go Lucky Bouncing Fun

!!Kindervermaak!!

Springkastele, glybane en vele meer te huur vir kinder-partytjies, einge tipe funksie,ens

Kontak Jaco Malan @ 064 461 7903



Happy Go Lucky Bouncing Fun



“BREEKBAAR” PLAKKER VIR MENSE

deur Prof Stephan Joubert

“Fragile: Handle with care” of “Breekbaar: Hanteer versigtig.” ‘n Mens sien gereeld sulke plakkers op kartonbokse of op tasse. Dan weet jy dit moet met die nodige versigtigheid hanteer word. Elke keer as ek sulke plakkers sien, wonder ek hoekom ons dit slegs op lewelose bokse en houters plak. Is sulke plakkers nie ook op mense van toepassing nie? Is ons nie ook breekbaar nie?

Mense wat in glashuise woon...

Ons almal bly in die spreekwoordelike glashuis, of ons dit wil erken of nie. As die lewe klippe in ons rigting gooi, kraak ons lewenshuis se vensters; soms breek dit selfs. Anders gestel, ons kry seer. Ons huil. Stampe en die stote loop ons onderstebo. Ons geloof is nie aldag daardie vuurwerkvertonings wat ons graag wil hê dit moet wees nie. Ons is weerloos wanneer die stormwinde aanhoudend rondom ons woed.

Ons is meesters van kamoeflering

Partykeer wil ons eintlik net op die kantlyn langs die lewe se speelveld gaan sit soos ‘n rugbyspeler wat ‘n besering opgedoen het, maar ons weet dit is nie hoe die lewe werk nie. Daar is geen half tyd, kleedrepetisie of gerieflike inoefening-geleenthede nie. Ons is oomblik na oomblik midde in die lewe. Daarom is ons so gekonfyt om ons eie broosheid op verskillende maniere weg te steek. Of om so ‘n bietjie aan die binnekant te verhard om ons teen seerkry en swaarkry te staal. Ons is meesters van kamoeflering en vermomming. Ons het skanse rondom ons gebou wat ander onder die indruk bring ons is altyd in beheer van sake. Ons is daardie spreekwoordelike rots van Gibraltar. Ons beliggaam die stelling: “Cowboys don’t cry,” maar diep binne-in ons weet ons dit is nie waar nie. Ons bloei as die lewe se klippe ons tref.

Die Here se liefde is ‘n kasteel en ‘n vaste vesting waar ons altyd beskerming en veiligheid vind. Dit is ‘n warm hemelse vuur wat ons verwarm teen die snerpende koue daarbuite

Wees eerlik oor jou broosheid

Hoor hier, dit is aanvaarbaar om breekbaar te wees. Ons mag broos

wees... en ons mag eerlik hieroor wees. Ons moet by Paulus leer; in 2 Korintiërs 4 openbaar hy sy radeloosheid en breekbaarheid. Ons is net mense. Ons bloei regte bloed en ons huil regte trane. Die Here het ons lief net soos ons is. Hy het ons nie lief omdat ons volmaak is nie. Hy het ons lief ten spite van ons swakhede en tekortkominge. Hy is by ons in mooiweer en in stormweer. **Die Here het ons onvoorwaardelik lief omdat Hy die God van genade is wat sondaars soos ons gered het toe ons op ons heel verste van Hom af was. Jesus het ons kom opsoek en ons op Sy eie skouers teruggedra na die Vader se ewige huis.** Ons is Syne vir tyd en ewigheid.

Die Heilige Gees staan ons by

God weet ons is mense en sal mense bly totdat ons die laaste asem uitblaas. Hy verstaan ons swakhede en ons seer so goed dat Hy selfs die Heilige Gees aan ons gegee het om ons in ons swakhede by te staan, soos Paulus in Romeine 8 skryf. Nee, die Gees verander ons nie in supermense nie. Hy help ons om vas te hou aan God en Hom lief te hê te midde van ons eie broosheid.

“Betoon harlike broederliefde teenoor mekaar.... Wees bly saam met die wat bly is en treur saam met die wat treur.” Rom 12: 10, 15


Dra ook mekaar se laste

God vra van ons as breekbare mense om ook daar vir mekaar te wees. Ons is nie een bestand teen die aanslae van die lewe nie; daarom het Hy ons aan mekaar gegee om mekaar se laste te help dra. Paulus skryf in Romeine 12 ons moet treur saam met diegene wat treur en huil saam met die wat huil. Ons moet mekaar se sakdoeke wees. Wanneer mense om ons seerkry, is ons die Here se plaaslike noodhulpspan wat help om wonde te verbind; hulle laste en seerkery moet 'n plekkie op ons skouers kry.

Skuil in Sy genade

Ons moet onself en makkaar omring met die Here se veiligheid en Sy warmte. Die Here se liefde is 'n kasteel en 'n vaste vesting waar ons altyd beskerming en veiligheid vind. Dit is 'n warm hemelse vuur wat ons verwarm teen die snerpende koue daarbuite. Dan vertel ons lewe en ons omgee vir ander dat ons daardie plakker raakgelees het; “Breekbaar: Hanteer versigtig”. Ons weet dan ook die Here het dit al lankal ook op ons gelees – daarom hanteer Hy ons almal met soveel genade!

Joubert S, Augustus 2017, Juig! Tydskrif, Plak 'n slag die plakker om mense. Want die Here doen dit!, Volume 9 Uitgawe 7, p60 – 61.



RIETFLUIT REDAKSIE & ADMINISTRASIE

Vir enige navrae oor advertensieplaasing, getuienis, voorstelle of nuus oor u bediening, stuur gerus 'n e-pos vir Ilze du Plessis by ilzedples@gmail.com.
Kontak nommer is 0721113100